Beste beproefde beeste te koop

Toewyding tot die Boran-beesras en hul verbintenis tot hul familiegrond by Ladybrand as die vierde geslag De Bruyns is van die Vastrap-stoetery se eienaars se puik kenmerke.

Hul benadering oor die teel en bemarking van Borane word weerspieël deur 'n holistiese lewensbenadering, sê mnr. Quentin de Bruyn en sy vrou, Marisa: "Dis maklik om die eerste keer iets aan iemand te verkoop, maar om dié mens as koper te behou, moet jy al die ander aspekte op jou plaas reg doen," sê Quentin.

Van die aspekte wat nie 'n regstreekse boerdery-inkomste oplewer nie, is mannekragbenutting en die verbetering van geriewe vir plaaswerkers. Marisa verwoord dit só: "As jy sake met Vastrap-Borane doen, is jy daarvan verseker dat jy met beroepsgerigte mense te doen het, met 'n hartstogtelike, etiese en ingeligte benadering wat die bedryf om die regte redes betree het om sake op lang termyn te doen." Die De Bruyns se hele menswees is vir hulle net so 'n belangrike aspek van hul stoetery as die beeste.

Die De Bruyns het vyf jaar gelede met Boran-stoetteling begin. Vastrap het in 2011 vinnig opgang gemaak ná die aankoop van die hele Mollshoop-stoetery van mnr. Jacques Moll in Ficksburg. "Die Boran se vermoë om op die veld afgerond te word, is 'n voordeel in die produksie van organiese veldvleis," sê Quentin. Hy stem saam met ander telers dat top-stoetbulle wat hul sout werd is, ná twee tot drie jaar beter nageslag moet teel as wat hulle self is. "Ek was al bereid om van my top-stoetbulle, soos Khan, Rustin en Ollie, te verkoop om plek te maak vir ons belowende, jong bulle wat goed presteer. Gekeurde bulle wat ons deesdae grootmaak, behoort beter stoetbulle te wees as hul vaars wat glad nie aan streng keuring en prestasietoetsing onderwerp is nie," sê Quentin.

Vastrap-Borane bied deur sy uitgebreide keuringsproses van stoetbulle, insluitend Stamboek-prestasietoetsing, beter gemoedsrus vir kopers. Bulle word eers op driejarige ouderdom bemark. Dit verminder die druk om jong bulle vir die mark "ryp te druk" en hulle kan in natuurlike veldtoestande gedy en hulself teen bulle van hul ouderdomsgroep in prestasietoetse bewys. Die veilingsbulle word wél drie maande voor bemarking afgerond om hul volle potensiaal aan voornemende kopers te vertoon. "Hulle kan vinnig ná die veiling by hul nuwe habitat aanpas," sê Quentin. "Ons versorg die bul 'n jaar langer sodat die koper dadelik met produksie kan begin. Ons kry geen klagtes dat hulle nie dan aanpas nie."

Ingevolge Vastrap-Borane se telingsbeleid word die beste vroulike bloedlyne in Suid-Afrika voortgebring om deurlopend die diere op sewejarige ouderdom as dragtige koeie op die jaarlikse produksieveiling aan te bied. Net die beste, prestasiegetoetste driejarige bulle word op die veiling verkoop en hulle is geskik vir die stoet- en kommersiële mark. Vastrap se verse, koeie en bulle word ook deur die jaar verkoop.

Vastrap-Borane se derde produksieveiling is op Vrydag, 14 Augustus 2015. Belangstellendes is welkom om Quentin te besoek. Besonderhede oor die verkoop van semen en embrio's is te kry op **www.vastrapboran.com**.

1. Van die stoetery se beste koeie wat vir embrio's gespoel is, met van hul kalfies.

2. 'n Mak kalf wat mnr. Quentin de Bruyn op sy kuddebesoeke kom "groet", is een van die aanduidings van die Boran se gematigde temperament wat dié ras so geskik vir die De Bruyns maak. FOTO: JOHAN NORVAL

3. Husky MHB 07-09, Vastrap se huidige stoetvaar. FOTO: QUENTIN DE BRUYN

4. Kelly MHB 08-39, een van die dragtige, sewejarige koeie wat op die 2015-veiling van Vastrap-Borane te koop is. FOTO: QUENTIN DE BRUYN

5. Die tweejarige Livia (op die foto net een jaar oud) op ma Marisa se skoot saam met pa Quentin by die koeitrop op Vastrap. FOTO: VERSKAF

NAVRAE: Mnr. Quentin de Bruyn, tel. **051 924 2424**, sel **084 592 4245**, e-pos: **vastrapboran@gmail.com**, GPS: **S 29 07,768**, **E 027 19,862**. Die Boran-telersgenootskap, tel. **051 410 0966** of **051 410 0951**, webwerf: **www.boran.org.za**.